**"Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid"**
**(Hebr. 13:8)**

# Omsendbrief **April 2020**

## 'n Sendbrief in Opdrag van God

Ek groet alle gelowiges, alle broeders en susters wêreldwyd met die Woord uit IIPetrus 3, vers 9: *"Die HERE vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom".*

Die belofte lui: *"... En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is"* (Joh. 14: 3).

Ons is uit die diepte van die hart dankbaar teenoor God vir Sy kosbare en Heilige Woord, vir die Ou en Nuwe Testament, die Evangelies, die briewe van die apostels tot en met die Boek Openbaring. Elke bybelse onderwerp word daarin met finale duidelikheid behandel.

Die hoofsaak vir alle bybelgelowiges was en is steeds, die onderwerp oor die Wederkoms van Christus. Wat daaraan gekoppel is, is die laaste boodskap — die oproep tot, en die voorbereiding van die Gemeente van Jesus Christus, vir die glorieryke dag van die Wederkoms van onse HERE.

In IIPetrus 3, vers 14, lees ons: *"Daarom, geliefdes, wees in verwagting, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede ... "*

Die apostels is daartoe gelei om die gelowiges besondere lering te gee oor die tema van die Wederkoms van ons HERE. So skryf Johannes in IJohannes 2, vers 28: *"En nou, my kinders,*

*bly in Hom, sodat ons vreugdevolle vertroue kan hê wanneer Hy Homself openbaar en nie beskaamd van Hom weggaan by Sy wederkoms nie".* Dit is oorweldigend, wat 'n las die Gees van God op die harte van die apostels gelê het, aangaande die voorbereiding vir daardie glorieryke dag en hulle dit laat neerskryf het. Dit geld veral vir ons, ons wat presies weet dat ons direk voor die Wederkoms van Jesus Christus aangekom het, dat ons werklik onse voorbereiding ervaar.

Wat die apostel Paulus aan sy kollega Timothéüs geskryf het, word vandag in besonder aan my, maar ook aan alle broeders gerig, wat die geopenbaarde Woord wêreldwyd getrou verkondig en die geestelike voedsel uitdeel: *"voer die opdrag onbevlek, onberispelik uit tot by die verskyning van onse HERE Jesus Christus ..."* (ITim. 6:14). Nou, voor die Wederkoms van die HERE, moet die verkondiging absoluut bybels wees. Dit gaan daaroor, dat die Heilige Woord van God onberispelik gepreek moet word.

In vers 15 skryf die apostel met die oog op die Wederkoms van die HERE: *"... die salige en enige Heerser, wat op die vasgestelde tyd sal verskyn, as die Koning van die konings en HERE van die here ..."*

God het alles vooraf opgestel: die hele verlossingsplan van wat sou gebeur wanneer Christus die eerste keer sou kom en ook wat vóór die Wederkoms van Christus moet gebeur. Die apostel kon destyds skryf: *"... wat op die vasgestelde tyd sal verskyn ..."*

Om hierdie rede geld dit ook vir onse tyd, dat die tweede Koms van Christus vooraf gegaan word deur 'n boodskap.

In IITimothéüs 2, vers 15, lees ons *: "Lê jou ywerig daarop toe om jou as 'n beproefde voor God te stel, 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid korrek aanbied".*

God het regtig aan alles gedink. En ons is dankbaar, ja ek is dankbaar vir die baie jare waarin ek toegelaat was om die Woord van God te kon verkondig sonder om 'n enkele keer 'n interpretasie daarvan te bring, maar dat ek slegs God se Heilige Woord kon preek.

Ek is in besonders dankbaar omdat die HERE my in 1980 beveel het: "My kneg, staan op en lees IITimóthéüs 4". Ek staan toe op, neem my Bybel en lees dit: *"Ek besweer jou dan voor God en die HERE Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan <u>in alle lankmoedigheid en lering</u>;*

*<u>want daar sal 'n tyd wees</u> wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening".*

Die hele hoofstuk het sedert daardie dag, vir my 'n heel spesiale betekenis. Ons sien hoe die eerste verse vermaninge bevat. Destyds was die vermaninge van die apostel Paulus tot sy kollega Timóthéüs gerig. In 1980 het die HERE daardie Woord aan my gerig. Ons lees verder wat Paulus met verwysing na sy bediening gesê het, wat ook nou betrekking het, want dit is die laaste boodskap wat in opdrag van God verkondig word: *"Maar die HERE het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word en al die heidene dit kan hoor; en ek is uit die bek van die leeu verlos"* (IITim. 4:17).

Ons het iets baie spesiaals hier. Paulus was van oortuiging dat God deur sy proklamasie alles uiteengesit het wat in Sy verlossingsplan is en dus het die HERE hom krag gegee. Dit was nie arrogansie of selfprysing nie. Dit was God se opdrag.

En die krag wat aan hom gegee was, was nie van 'n menslike aard nie, maar werkend deur die Heilige Gees.

Paulus het in besonders oor die Wederkoms van Jesus Christus geskryf in IKorinthiërs 15, in IThessalonicense 4 en in verskeie ander plekke. En dan lees ons in Titus 1, vers 3:
*"... en op die vasgestelde tyd Sy Woord bekend gemaak het deur die prediking wat aan my toevertrou is, ooreenkomstig die opdrag van God, ons Verlosser ...".*

Ons het gelees dat die Wederkoms van die HERE op *die vasgestelde tyd* sal plaasvind en hier lees ons dat Hy ook Sy Woord *op die vasgestelde tyd* bekend sal maak. Albei gebeur in ons tyd: die verkondiging van die geopenbaarde Woord-boodskap én die Wederkoms, beide op die vasgestelde tyd.

Alle Lof en prysing aan onse HERE! Hy het Sy Woord, dit wat vir onse tyd bestem is, aan Sy profeet, William Branham, geopenbaar, soos Paulus destyds kon getuig aangaande die opdrag wat aan hom gegee was.

Daar was goddelike roepinge in die Ou- en Nuwe Testament en almal, of dit Noag, Moses, Elia, Johannes die Doper of Paulus, of wie dit ook al was, almal het 'n goddelike opdrag gehad en het dit uitgevoer.

Die Nuwe Testament het begin met dat Johannes die Doper op die vasgestelde tyd opgetree het, naamlik in die tyd waarin hy bybelse profesie by die eerste koms van Christus vervul het (Matthéüs 3). Johannes die Doper het 'n goddelike opdrag gehad. Hy was 'n man van God gestuur met 'n direkte roeping en het die weg voorberei vir die HERE, soos dit in Jesaja 40, vers 3, en Maleági 3, vers 1, in die Ou Testament aangekondig was. Hy kon hom op die Woord beroep.

In die Evangelie van Johannes, was hy dít gevra in die eerste hoofstuk: *"Wie is u? En hy het erken en nie ontken nie, maar het erken: Ek is nie die Christus nie. Toe vra hulle hom:*

*Wat dan? Is u Elía? En hy sê: Ek is nie. Is u die profeet? En hy antwoord: Nee. Toe sê hulle vir hom: Wie is u? — dat ons antwoord kan gee aan die wat ons gestuur het. Wat sê u van uself?".* En toe kom sy antwoord in vers 23, waar hy hulle verwys na die Woord in Jesaja 40, vers 3: *"Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die HERE reguit!''*

Deur sy bediening het die HERE 'n goed toegeruste volk voorberei: *"En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die HERE hulle God. En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die HERE 'n goed-toegeruste volk te berei"* (Luk. 1: 16-17).

## Wat gebeur in ons tyd?

Volgens die boodskap wat William Branham gebring het, word die ware kinders van God na die oorspronklike geloof van die apostoliese vaders teruggebring.

Die HERE God het oor Sy ewig-geldige Woord gewaak. Laat ons dit hard en duidelik sê: As ons dit geweet het wat God in die verlede gedoen het, maar nie geweet het wat Hy nou, voor die Wederkoms van Jesus Christus belowe het en doen nie — van watter nut sou dit vir ons wees? Ook in ons tyd was daar 'n goddelik-geroepene; daarvan kon broeder Branham oor en oor getuig. Laat ons net weer 'n aanhaling van hom weergee oor die gebeurtenis op 11 Junie, 1933, in Jeffersonville, VSA: **"Toe hoor ek dit weer: 'Kyk op!' En toe ek opkyk, kom toe dieselfde pilaar van vuur wat die volk Israel deur die woestyn gelei het. Duisende oë het dit gesien, hoe dit regaf gekom het tot waar ek gestaan het, en aan my gesê: 'Soos Johannes die Doper die eerste koms van Christus vooruitgestuur was, so sal jou Boodskap op die hele aarde die wederkoms van Christus vooruitgaan'"** (12 April 1964).

Dit het presies so gebeur, ná die heengaan van broeder Branham, regoor die wêreld. Dit het 'n goddelike werklikheid geword.

Broeder Branham het toe reeds op 12 Junie, 1958, aan my in Dallas, Texas gesê: "Broeder Frank, jy gaan met hierdie boodskap na Duitsland toe terugkeer ".

Dit het so gebeur. God het beide gedoen: HY het die opdrag gegee om die boodskap te bring en ook daarvoor gesorg dat dit wêreldwyd verkondig word. In die lewe en bediening van William Branham het die bonatuurlike nie net op die reeds genoemde 11 Junie, 1933, toe hy sy eerste doop uitgevoer het, gebeur nie, maar ook gereeld in sy byeenkomste.

Die apostel Paulus kon getuig hoe die lig aan hom verskyn het toe hy geroep was. In Handelinge 9 word aan ons vertel: *"En toe hy op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af; en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? En hy sê: Wie is U, HERE? En die HERE antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg ..."* (verse 3-5).

Paulus het voor koning Agrippa en die edeles van die volk getuig:

*"... Toe ek dan daarvoor na Damaskus op reis was, met volmag en opdrag van die owerpriesters, het ek, o koning, in die middel van die dag op die pad 'n lig uit die hemel gesien, sterker as die glans van die son, wat my en my reisgenote omstraal het. En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my spreek en in die Hebreeuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. Toe sê ek: Wie is U, HERE? En Hy sê: Ek is Jesus wat jy vervolg. Maar rig jou op en staan op jou voete, want hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem tot 'n dienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn"* (Handelinge 26: 12-16).

Alreeds in die Ou Testament het God Sy bonatuurlike teenwoordigheid met die roeping van Moses by die brandende bos geopenbaar. Moses moes sy skoene uittrek, want hy het op heilige grond gestaan. Daar het hy sy opdrag gekry, deur God self toegedeel (Exodus 3).

In die Ou Testament het die HERE God Homself geopenbaar in die lig van 'n wolkkolom en in 'n vuurkolom.

In Exodus 13 lees ons: *"En die HERE het voor hulle uitgetrek, bedags in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek"* (vers 21). Is dit nie wonderlik nie? Die HERE God het nie net Sy volk uit slawerny, uit Egipte gelei nie, maar met Sy geleide, bevryde volk, het Hy vooruit 'n verbond gesluit. HY het hulle dag en nag gelei en die weg gewys. Gedurende die hele veertig jaar van hulle wandeling, was Hy saam met Sy mense gewees — in die bonatuurlike wolk bedags, in die bonatuurlike vuurgloed snags. *"... Die wolkkolom het nie bedags en die vuurkolom nie snags voor die volk gewyk nie"* (vers 22).

Dan ook die heenwyse in Psalm 78, vers 14: *"En Hy het hulle bedags gelei met 'n wolk en die hele nag met 'n lig van vuur".*

In Exodus 40 lees ons: *"So het Moses dan die werk voltooi. Toe het die wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlikheid van die HERE het die tabernakel vervul ... Want die wolk van die HERE was bedags op die tabernakel, en vuur was snags daarin ..."* (verse 33b-34 + 38).

Toe alles wat die HERE Moses beveel het gedoen was, het die bonatuurlike heerlikheid van God in die Allerheiligste gekom waar die verbondsark gestaan het, en getuienis afgelê van God se teenwoordigheid onder Sy volk.

Toe die bonatuurlike wolk op die Berg van Verheerliking kom, het 'n stem uitgeroep: *"Dit is my geliefde Seun: luister na Hom!"* (Mark. 9:7). In Jesaja 4, vers 5, lees ons wat sal gebeur,

wanneer die HERE Sy werk op die berg Sion voltooi: Dan sal die bonatuurlike wolk weer afkom en die teenwoordigheid van God weer sigbaar verskyn: *"... Dan skep die HERE oor elke woonplek van die berg Sion en oor sy plekke van samekoms 'n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag; want oor alles wat heerlik is, sal daar 'n beskutting wees ..."*. Hy is altyd dieselfde: gister, vandag en tot in ewigheid.

### 'n Ooggetuieverslag

Ek sê dit met eerbiedigheid as oog- en oorgetuie voor die HERE: Soos almal weet, het ek die voorreg gehad om vir broeder Branham in verskeie byeenkomste te sien. Dikwels kon hy in gebed vir die siekes sê: "Die bonatuurlike lig, vuurkolom is nou bo-oor hierdie, bo-oor daardie person". Die besonderhede van die persoon vir wie daar moes gebid word, was aan hom geopenbaar. Meer as 'n duisend keer het hy oor die jare van sy bediening gesê: "SO SPREEK DIE HERE ... "



Op 20 Januarie, 1950, toe broeder Branham in die grote Kolosseum in die stad Houston, Texas, gepreek het, was agtduisend mense daar versamel. Die persfotograwe Ted Kippermann en James Ayers het verskeie fotos van hom geneem, terwyl hy aan woord was. Toe die films ontwikkeling word, was dit duidelik dat slegs een foto ontwikkel het, naamlik die een met die bonatuurlike Lig-kolom bo-oor broeder Branham sy kop.

Die man verantwoordelik vir twyfelagtige dokumente by die FBI in Washington, Dr. George J. Lacy, het die film ondersoek en in sy verslag van 29 Januarie, 1950, geskryf dat die lig bo-oor die prediker se kop eg is, anders sou die kamera dit nie kon opneem nie. En God het dit Homself keer op keer bevestig.

In Desember, 1962, verhuis broeder Branham na Tucson, Arizona, soos beveel deur die HERE in Maart, 1962. En dit het gebeur dat die bonatuurlike wolk op 28 Februarie, 1963, wyd sigbaar vir almal in die blou lug was. In die wolk wat oor Sunset Mountain verskyn het was daar sewe engele, en dáár was die man beveel: "Keer terug na Jeffersonville, omdat die sewe seëls oopgemaak moet word".



Die wel-bekende tydskrif *"Science"* van 19 April, 1963, het die foto van die wolk op die voorblad gehad.

Die tydskrif *"Life"* van 17 Mei, 1963, het 'n artikel gepubliseer met die foto van die wolk onder die titel: "A high Cloud, Ring of Mystery" ("'n Hoë Wolk, 'n Geheimsinnige Ring"). Dr. James McDonald van die 'Institute of Atmospheric Physics' in Tucson het 'n lang artikel daaroor geskryf, maar het geen verduideliking daarvoor gehad nie. Ek het beide hierdie tydskrifte nog in bewaring.

## Herken die dag en die boodskap!

Ons HERE het dit wat Hy het vir hierdie periode vasgelê was, behou en gedoen. En die belofte het beslis vervulling gevind: *"Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek"* (Mal. 4:5). Ons is nou nog steeds in die dag van Verlossing (IIKor. 6:2), in die tyd van genade. Die HERE self het aan Sy dissipels gesê op die Berg van Verheerliking: *"Dis waar, Elía kom eers om alles te herstel"* (Mark. 9:12). Die laaste oproep word gemaak en wie uit God is, sal God se Heilige Woord hoor en die alleen-geldigheid daarvan aanvaar.

Ongelukkig moet daar gesê word dat, alhoewel die bonatuurlike teenwoordigheid van die HERE met die volk Israel was, het die meerderheid van hul harte nietemin afgedwaal, sodat God moes sweer: *"Hulle sal in my rus nie ingaan nie"* (Heb. 3:11; Num. 14:23). Hulle het afgodediens bedryf en gemurmureer.

Paulus het in IKorinthiërs 10, verse 1-4, heengewys op die groot dinge wat God onder hulle gedoen het. In verse 5-10 word vertel wat die Israeliete verkeerd gedoen het en hoe God hulle daarvoor gestraf het. Daarna volg die waarskuwing: *"Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het"* (IKor. 10:11).

Selfs in ons tyd is dit van geen nut nie, om te verwys na wat God in die bediening van William Branham gedoen het, as mense afgodediens daarmee bedryf, deur bv, sy stem as die 'stem van God' te verklaar en ook ander misleidings te versprei. Dit is ongelooflik hoeveel valse leringe daar versprei word met die beroeping op die profeet en die boodskap, tot op die punt dat die profeet dinge sou geopenbaar het wat nie eens in die Bybel geskryf is nie, byvoorbeeld oor die sewe donderslae.

'n Verdere onskriftuurlike lering is, dat die opstanding van die dode eers sal plaasvind, waarna die profeet sy spesiale bediening as 'n "Third Pull" vir 30 tot 40 dae in 'n tent sal uitvoer, en dan sal die Wegraping plaasvind daarna. Volgens Galasiërs 1, vers 8, lê daar 'n vloek op sulke mense, want hulle verkondig 'n ander evangelie (Openb. 22: 18-19). Die profeet self het herhaaldelik gesê: "Aanvaar niks as dit nie in die Woord van God geskryf is nie!"

Broeder Branham het ook gereeld gesê: "Die boodskap is: terug na die Woord, terug na die oorspronklike, terug na die aanvang, na die ervaringe wat die gelowiges in die begin gehad het!". Al die geheimenisse wat in God se Woord is, is geopenbaar; dit glo ons. Niks, absoluut niks, durf by die Woord gevoeg word nie (Openbaring 22).

Geen leuen het sy oorsprong in die waarheid nie (IJoh. 2:21), en wie uit die waarheid is, hulle hoor en glo slegs God se Woord. Dat die Heilige God geen dwaalleer en geen verkeerde lewe kan verseël nie, staan vas. *"Heilig hulle in U waarheid: u woord is die waarheid"* (Joh. 17:17). Die apostel Johannes skryf aan diegene wat die waarheid erken het: *"... ter wille van die waarheid wat in ons bly en by ons vir ewig sal wees"* (IIJoh. 2). Amen!

Alle valse leraars is leuenaars en sal buite wees. *"En daarin* (in die heilige stad — die Nuwe Jerusalem) *sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam"* (Openb. 21:27).

God gee genade dat almal kan besef dat ons nou in die laaste tydvak aangekom het, waar die vasbeslote dinge wat ons in die Woord van God belowe word, nou gebeur (Hand 13:41). Mag daar in geeneen van ons 'n hart van ongeloof en ongehoorsaamheid gevind word nie. Wat ons HERE gesê het oor Jerusalem, is nog steeds van toepassing:

*"As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien!"* (Luk. 19:42). Aan Sy eie het Hy gesê: *"En as dit begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op; omdat julle verlossing naby is"* (Luk. 21:28).

Laat ons dit nog eenkeer sê: net die wat rein van hart is, sal God sien. Net wie gereed is, sal die Bruilofsmaal binnegaan. Slegs diegene wat die volledige verlossing met versoening en die vergifnis en volledige vernuwing beleef het, net hulle wie die vulling en verseëling met die Heilige Gees ervaar het, sal die doel bereik.

Mag almal ter afsluiting van hierdie daarlegging, weereens duidelik aangetoon word, wat onse HERE in Matthéüs 17, vers 11, gesê het: *"Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers om alles te herstel"* (Mark. 9:12). Ná die bediening van Johannes die Doper het onse HERE dit herhaal wat in die tweede deel van die laaste belofte in Maleági 4, vers 6, geskrywe staan: dat die harte van die kinders van God, na die geloof van die apostoliese Vaders terugbesorg sou word, deur die bediening van Elia.

Ons kan vandag getuig: die Skrif is vervul; wat onse HERE gesê het, het gebeur. Elke bybelse lering is weer herstel, veral die godheid: dat God nie uit drie ewige persone bestaan nie, maar Homself as Vader in die Seun en dan deur die Heilige Gees aan Sy Gemeente geopenbaar het. Die bybelse doop van die gelowiggewordenes in die Naam van die HERE Jesus Christus (Hand. 2: 38-41), is ook weer herstel. Deur die laaste boodskap is alles weer teruggeplaas op die oorspronklike fondament van die apostels en profete, waar Jesus Christus self die hoeksteen is.

Onse God het groot dinge gedoen en ons is nou naby die volgtrekking van wat voor die Wederkoms van Jesus Christus moet gebeur. God Sy dank daarvoor, in die Heilige Naam van Jesus. Amen.

## Afskeid van die maandelikse sendingsreise

In die afgelope paar dekades het ek twee weke elke maand vir sendingsreise gehad, altyd sodat ek die byeenkomste elke laaste Sondag van die maand in Zürich kon bywoon en die eerste naweek in Krefeld kon wees. In totaal het ek meer as 15 miljoen vliegmyle afgelê. So kon ek in baie stede in 165 lande preek oor die hele wêreld.

Ek het nou my 87ste lewensjaar bereik. Ten spyte van die beste gesondheid, het my ouderdom sy merk gemaak op my vermoë om te loop, sien en hoor, sodat lang ritte nie meer moontlik is nie. Deur die aanlyn-uitsendings kan gelowiges in alle lande egter die preke volg in verskeie tale. Op hierdie manier het die geestelike versorging wêreldwyd moontlik geword, soos baie gelowiges vanoor die wêreld dit dankbaar bevestig.

Ek kan sê: HERE, nou laat u u dienskneg in vrede heengaan, want die laaste boodskap is op die ganse aarde verkondig. My oë het die vervulling van die belofte vir hierdie tydvak gesien. Alle ware gelowiges sal alles wat God doen, tot aan die einde toe ervaar. Hy het dit belowe en sal dit vervul.

Veral vir diegene wat onlangs vanoor die wêreld bygekom is, wil ek kortliks op my geestelike lewensverloop ingaan:

Sedert 1952 het ek in die Vrye Pinkster Gemeente gepreek. By die eerste ontmoeting met broeder Branham, op 15 Junie, 1955, het die profeet vir my by die ontvangs area van die hotel gesê: "Jy is 'n prediker van die evangelie" en toe wys hy na links en sê: "U vrou staan daar by die ingang". Daarmee het ons hand geskud en kort-kort met mekaar gepraat. Vanaf 1958 het ek toe die preke van broeder Branham in Duits vertaal.

Op 2 April, 1962, gee die HERE self met 'n hoorbare stem die opdrag, dat die Woord in ander stede verkondig moet word.

Daarom het ek op 3 Desember, 1962, 'n lang gesprek gehad met broeder Branham, waarin hy deur openbaring my sending aan my, voor twee getuies bevestig het. Net daarna het hy my toe gevra om in sy plek in Los Angeles by Demos Shakarian te preek en ook by Ernest Hotton in Oakland, Oregon. Hy het my ook gevra om, as dit moontlik was, by Henry Martin in Edmonton, Kanada, te besoek, waar band-opnames van sy preke gespeel was. Hy het my die name en telefoonnommers van die broeders gegee. Aan die einde van ons gesprek, het hy vir my gesê: "Broeder Frank, as jy op 'n sendingsrit na Indië gaan, kontak vir Paul Lawrie daar. Hy was in my Bombay vergaderings, as 'n evangelis en toe hy na die VSA gekom het, het hy hom hier in die kapel laat doop in die Naam van die HERE Jesus Christus"

In 1964 het ek my eerste sendingsreis na Indië onderneem. Daar het ek duisende mense die byeenkomste sien bywoon en ongeveer driehonderd gelowiges het hulle ná die prediking laat doop. Op pad terug het ek Jordanië en Israel besoek.

Met die heengaan van broeder Branham in Desember 1965, het 'n belangrike tydvak tot 'n einde gekom.

'n Nuwe fase het toe begin en ek het die Woord-Boodskap volgens God se opdrag wêreldwyd verkondig, beginnende in Duitsland, Oostenryk en Switserland, toe oor die hele Europa en later oor die hele wêreld. Benewens die prediking in dienste en byeenkomste het ek ook alle moontlikhede benut, deur die geopenbaarde Woord deur radio en televisie, en deur omsendbriewe en brosjures te verkondig.

By geleentheid van die profeet se begrafnis op 11 April, in 1966, het ek broeder Pearry Green genooi om te kom en te getuig van wat sy oë in die bediening van Broeder Branham gesien het en wat hy tydens die byeenkomste beleef het. Ongelukkig het hy slegs verhale uit die lewe van die profeet gegee. In sy eerste preek in Krefeld het hy entoesiasties gesê:

"Die profeet het in 'n visioen 'n kalender gesien wat vanself oopgemaak het en in die jaar 1977 gestop het". In 1977 sou alles tot 'n einde kom en die Wegraping sou plaasgevind het. Ek was sy vertaler en het toe die opmerking aangaande die kalender in my eerste omsendbrief in 1966 genoem. Later sou ek uitvind dat broeder Branham nooit van 'n kalendar ooit gepraat het nie.

Toe 1977 gekom en gegaan het, was daar toe weer 'n nuwe lering versprei, dat die opstanding met die groot aardbewing aan die weskus van die VSA sou plaasvind en dat die profeet dan sy bediening in 'n tent sou voltooi. 'n Mens kan eenvoudig net nie al die verkeerde leringe hanteer nie — wat 'n verkwisting van tyd.

Sonder om op al die onderwerpe in te gaan, oor alles wat die predikers uit die Verenigde State na vore gebring het, moet daar tog net gesê word: Niemand kon van 'n roeping praat nie. Niemand het die Woord gepreek nie; almal het elkeen hul eie stories volgens hul eie sienings uitgelê, en dit het alles oor aanhalings van die profeet gegaan: "Die profeet het gesê: ..."

Ek sê die volgende tot eer van God: nie eens een keer het ek die Woord verlaat en 'n interpretasie aangeneem nie. Dit het die broeders teen my opgemaak want hulle het die aanhalings van die profeet bo die Woord geplaas en nie die geskrewe Woord as die laaste gesag laat geld nie.

Toe kom die jaar 1979, toe die vyand twyfel oor die roeping gesaai het, om my ongeloofwaardig te maak en die gemeente daardeur te vernietig. Terwyl ek agter die preekstoel gestaan het, net voor die einde van 'n preek, het 'n vrou hardop geskree: "Alles hier is skynheiligheid! Kom uit, verlaat hierdie saal en moet nooit weer terugkeer nie, want alles hier het tot 'n einde gekom, vir ewig!" Wie dit geglo het wat die vrouestem gesê het, het tot vandag toe nooit weer die saal betree nie.

Almal wat glo wat die stem van die HERE op 2 April, 1962, en wat broeder Branham bevestig het op 3 Desember, 1962, voor twee getuies, kom van oor die hele wêreld en vul die saal. En baie duisende gaan aanlyn en hoor die suiwer Woord vir hierdie tyd. Die HERE het Sy Woord gehou en nie toegelaat dat die vyand Sy werk vernietig nie.

Die tweede deel van die goddelike opdrag van 11 Junie, 1933, naamlik dat die Boodskap oor die hele wêreld gedra moet word, word nou voor ons oë vervul. In Matthéüs 24, vers 14, het onse HERE self gesê: *"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom".*

Broeder Branham het in Maart 1962, soos hy dit op 1 April verhaal het, die goddelike opdrag ontvang om die voedsel op te stoor. Toe hy oor die sewende seël praat, het hy binne die eerste tien minute omgedraai na broeder Neville, en toe gesê: "... daardie voedsel is nou hier opgestoor ...". Die HERE het op Sondag 19 September, 1976, luid gesê: "My kneg, ek het jou volgens Matthéüs 24, verse 45 tot 47 geroep om die voedsel op die regte tyd uit te deel". Ek het dit aan al die dienende broeders en die mense van God uitgedeel. Al die uitverkorenes glo elke Woord van God en respekteer Sy besluit. Hulle versadig hulself aan die ryklik-gedekte tafel van die HERE.

Ek is ook net 'n mens soos Elia, Paulus of Broeder Branham, maar dit is ook waar dat ek die direkte opdrag wat die HERE my gegee het, uitgevoer het. Dit is nie nodig dat ek die instruksies en bonatuurlike ervaringe, wat die getroue HERE my deur die jare gegee het, weer hier herhaal nie; daaroor het ek alreeds in verskeie omsendbriewe berig gelewer. Elke bonatuurlike belewenis is waar, God is my getuie. Soos Paulus en broeder Branham, kan ek elke keer die tyd en die plek noem, waar dit gebeur het.

Deur God se genade kan ek ook soos Paulus getuig, as *"'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God, wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte"* (Rom. 1: 1-2), en dat ek God se opdrag uitgevoer het. Die HERE sal self Sy werk voltooi, volgens Filippense 1, vers 6: *"... omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus".*

*"Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare"* (Sag. 4:6).

Handelend in opdrag van God.

Br. Frank

## Tyd-tekens — Tekens van die tyd

Hevenu Shalom Alechem

Ons ervaar bybelse profesieë in vervulling. Een van die tekens van die eindtyd is die klimaatsverandering. Dit is vooruitgespreek en is in direkte verbinding met die volk Israel en hul terugkeer na die Beloofde Land.

Kom ons kyk direk na wat God deur die profeet Jesaja, in hoofstuk 30, vers 26, aangekondig het:

*"En die lig van die maan sal wees soos die lig van die son, en die lig van die son sal sewevoudig wees, soos die lig van sewe dae, op die dag as die HERE die breuk van sy volk verbind en die wond gesond maak wat aan hulle geslaan is"*.

Kan die klimaatsverandering en aardverwarming met die sterkere sonsbestraling plaasvind as 'n wekroep vir die hele mensdom?

Aardbewings en ander natuurrampe vind net hier en daar plaas, maar klimaatsverandering is universeel.

*"Dit is die besluit wat geneem is oor die hele aarde, en dit is die hand wat uitgestrek is oor al die nasies;*

*Want die HERE van die leërskare het dit besluit — wie sal dit kan verydel? En sy hand is uitgestrek — wie sal dit kan afkeer?"* (Jes. 14: 26-27).

Die mensdom het erken dat klimaatsverandering en aardverwarming in volle gang is en soek in desperaatheid na oplossings. Die landbou wat ons voed, is veral geraak. Skaartes en hongersnood wêreldwyd sal die resultaat wees. Ondanks al die betogings en programme om CO2-emissies te verminder, geskied dit wat in die Heilige Skrif vir hierdie tydsbestek vooruitgespreek was.

Die duidelike bybelteks vertel aan ons in watter konteks die sewe-keer-helderder sonsbetraling staan, naamlik met die herstel van die skade wat aan Israel aangerig was.

Die Romeinse generaal Titus het die tempel in Jerusalem in 70 nC vernietig en Jerusalem ook verwoes, en die Jode was regoor die wêreld verstrooi. In die tyd van Konstantyn, het die Romeinse staatskerk, wat onder Athanasius gestig is, die Jode in 321 nC die Sabbat verbied en die sinagoges ingerig as veestalle. Daarmee het die christelike anti-semitisme ontstaan, wat tot vandag toe voortduur.

Veral gedurende die sewe kruistogte, wat op bevel van die pouse was, het baie onder die Jode gely. Die oproep het gelui: "Wreek die bloed van die gekruisigde op hulle!". Die kruistogte het van 1069 tot 1099 geduur, met meer as 70,000 dood onder die Jode en ander. Die laastes het plaasgevind vanaf 1248 tot 1254. Die presiese getal wat vermoor is, is nie bekend nie, of dit honderde duisende of 'n miljoen was. In die holocaust, die Shoah, was daar 6 miljoen.



Laat ons dit weer sê: die vooruitgespreekte sewevoudig-versterkte sonsbestraling is tyds-gewys verbind met die terugkeer van Israel na die Beloofde Land. Sedert 14 Mei, 1948, is daar weer 'n staat van Israel, en is die vredesverdragspogings in die Midde-Ooste nou in volle gang. Die wonde wat die volk Israel toegedien was, is ook in hul genesingsproses.

Alle staatshoofde moet dit respekteer wat in die alleen-geldige dokument geskryf staan, naamlik in die Bybel/Torah. Hier handel dit hoofsaaklik oor Jerusalem en die Tempelberg.

Volgens Genesis 22 was Abraham ongeveer 4,000 jaar gelede gevra om sy seun Isak op die berg Moría op te offer, wat later die Tempelberg geword het. Daar het God gesê: *"Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys"* (vers 2).

Volgens IKronieke 21, verse 18-25, het David die werf gekoop vanaf die Jebusiet, Ornan: *"Daarop gee die engel van die HERE bevel aan die profeet Gad om aan Dawid te sê dat Dawid moet opgaan om vir die HERE 'n altaar op te rig op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet ... En Dawid het vir die plek seshonderd sikkels goud in gewig aan Ornan gegee",* in vandag se geld, ongeveer 600,000 Euros of 660,000 VSA dollars.

Volgens IIKronieke 3 het Salomo die tempel op die Berg Moría gebou — die Tempelberg: *"En Salomo het die huis van die HERE begin bou in Jerusalem op die berg Moría waar Hy aan sy vader Dawid verskyn het, op die plek wat Dawid reggemaak het op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet".* Ek vra om respek vir God-Elohim en vir Sy Woord, die Bybel/die Torah.

Ons het drie getuies wat deur God aangestel is: Abraham, David en Salomo, wie al drie in verband met Jerusalem en die Tempelberg genoem word. Dié drie Skrifte getuig daarvan dat

niemand anders kan aanspraak maak daarop, om die reg tot Jerusalem en die Tempelberg vir hulself te eis nie.

Kom ons kyk na 'n paar Skrifgedeeltes wat gaan oor die terugkeer van die volk Israel. Feite kan nie deur enige mense ontken word nie.

*"Want die HERE sal Hom oor Jakob ontferm, en Hy sal Israel nog verkies en hulle in hul land laat vestig"* (Jes. 14: 1).

*"Kom terug, o jonkvrou van Israel, kom terug na hierdie stede van jou!"* (Jer. 31: 21b).

*"En die HERE sal besit neem van Juda as sy erfdeel op die heilige grond en Jerusalem weer verkies"* (Sag. 2:12).

*"Want die HERE Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie" (Amos 3:7).*

*"... En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat dit 'n wildernis is voor die oë van almal wat verbygaan. En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon"* (Esé. 36: 34-35). Al hierdie Skrifte word voor ons oë vervul.

In Eségiël 47 word die nuutgeboude tempel presies beskryf. In hoofstuk 48 word die 12 stamme van Israel in hulle gebiede getoon soos in die tyd van Josua, soos God dit bestem het.

Uitspraak word aangekondig aangaande diegene wat Israel verdeel het: *"... om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het"* (Joel 3:2b).

*"En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seermaak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word"* (Sag. 12:3).

Niemand kan dit stop wat vir hierdie tydvak in die bybelse profesies vooruitgespreek is nie.

*"En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun"* (Luk. 21:25).

Nou kom alles tot vervulling wat in die eindtyd-profesies aangaande Israel vooruitgespreek is. Klimaatsverandering en die aardverwarming wys aan ons as teken van die tye duidelik daarop heen.

Wat die profeet Jesaja vooruitgespreek het, bly waar, en ons kan waarlik sê: Hierdie Skrif word voor ons oë vervul. Die God van Israel herstel die skade van Sy volk weer en genees die wonde wat hulle opgedoen het (Jes. 30:26).

*"Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor"* (Matt. 13:16).

*"En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel. Dan sal julle weet dat Ek die HERE julle God is, wat woon op Sion, my heilige berg; dan sal Jerusalem 'n heiligdom wees waar geen vreemdes meer deur sal trek nie"* (Joël 3: 16-17).

*"In dié dag sal die HERE die inwoners van Jerusalem rondom beskut, en die struikelende onder hulle sal in dié dag wees soos Dawid, en die huis van Dawid soos die huis van God, soos die Engel van die HERE voor hulle uit"* (Sag. 12:8).

Uiteindelik sal alle nasies dit erken.

Hevenu Shalom Alechem

*************

Weens die feit dat posdienste huidiglik tydelik opgeskort is in baie lande, sal hierdie omsendbrief heelwaarskynlik nie beskikbaar wees in drukvorm nie. Navrae in hierdie, of enige ander verband kan gerig word aan:

Pretoria: +27-73-631-7762

Kaapstad: +27-82-878-2765 of +27-76-112-2702

Krefeld, Duitsland: +49-2151/545151

Die gereelde maandelikse byeenkomste kan ook nie plaasvind nie. U kan wel inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in vyftien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder

"Apostolic Prophetic Bible Ministry"

Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

Internasionale epos: volksmission@gmx.de

Die duplisering en kopiëring hiervan kan net met goedkeuring geskied

Outeer en uitgewer: Ewald Frank, Sendeling, Krefeld. Duitsland.